PO Box 13177
Leraatsfontein
1038
Tel: (013) 697 5068
Email: patriot@absamail.co.za
Web: www.patrioths.co.za

Hoërskool Patriot

NUUSBRIEF 2 VAN 2024

UIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Goeiedag Ouers/Voogde

Welkom terug aan al ons ouers, leerders en personeel. Baie sterkte met die besige kwartaal wat voorlê. Ons verwelkom ook Mej. Olivier wat by ons span aangesluit het in die Natuurwetenskappe departement. Ons groet Mev. De Jager en wens haar alle voorspoed toe vir die toekoms.

AKADEMIE

Ons is baie opgewonde om u mee te deel dat dit baie goed gegaan het op die akademiese gebied vir kwartaal 2. Leerders het positiewe inskrywings vir onderskeidings en gemiddelde bo 60%, 70% en 80% gekry. Dit motiveer ons leerders om nog beter te doen.

Die Graad 12-Wiskunde Geletterdheid-leerders het aan 'n olimpiade deelgeneem in ons kring en uitstekend gevaar. Baie geluk aan Nick Murombo (2de plek), Nomuplelelo Siluma (3de plek), Nonkululeko Sangweni, Tinyiko Khube en Sibusiso Skhosana.

Ons is trots op ons onderwysers wat ook uitblink. Mev. Vincent was die beste vakonderwyser vir kwartaal 1 en Mev. De Jager die beste registeronderwyseres vir kwartaal 1. Baie geluk!

Dit is vir ons baie belangrik dat u weet hoe u kind vaar. Ons het besef die rapporte kom nie altyd by u uit nie. Ons het vir dié rede die uitdeel van rapport so 'n bietjie verander. Die ouers moet self u kind se rapport by die skool kom afhaal. Graad 8- en Graad 9-leerders se rapporte sal beskikbaar wees Woensdag 17 Julie 2024 vanaf 14:30 tot 18:00. Die Graad 10- tot 12-leerders se rapporte sal beskikbaar wees Donderdag 18 Julie 2024 vanaf 14:30 tot 18:00. Al die personeel sal beskikbaar wees indien die ouers hul wil spreek. Die druipelinge sal 'n brief saam met die rapport ontvang, waarna u as ouers die onderwyser moet spreek om die leerder se pad vorentoe te bespreek.

Ons versoek dat u asseblief by die tydgleuf sal bly. Ons wil elke ouer weereens bedank vir die positiewe ondersteuning.

Gr 9-leerders gaan die kwartaal vakke kies vir gr 10. Ons gaan nie leerlinge toelaat om sekere vakke te neem as hulle nie daardie vakke in Graad 9 slaag nie.

SPORT

Dit het op sportgebied ook baie goed met ons leerders gegaan. Drie van ons seuns is gekies vir die o.18 Mpumalanga hokkiespan. Baie geluk aan CJ Mahlangu, Justice Lengwati en Jayden Zitha. Jayden Zitha is ook gekies as die onderkaptein.

Jabu Masango is gekies vir die krieketwinterspan.

Die dogtersrugby blink ook uit. Baie geluk aan die volgende dogters wat gekies is vir die Puma-dogterspan: Kwekwezi Mnyakeni, Thando Khithika en Nontobeko Mathaba.

Baie geluk aan die rugbyseuns wat gekies is vir o.18 Puma Platteland: Neo Tswenyane en Thabo Ntuli. Thabo Ntuli was ook die beste binnesenter van die toernooi. Hy is gekies vir die toerspan wat na Frankryk en Italië vertrek aan die einde van die jaar.

Ons wil ook vir Dylan Myburgh gelukwens wat in die 0.15 Suid-Oos Transvaal hokkiespan opgeneem is.

Baie geluk aan Mej. Keel wat gekies is as die spanbestuurder vir die 0.18 Mpumalanga hokkiedogterspan.

Baie geluk aan Mnr. Mthombeni wat die vakansie ringbal gespeel het vir die Noord-Gauteng span. Hy verwerf ook sy nasionale kleure en sal Suid-Afrika verteenwoordig.

Sterkte aan ons boogskietleerders wat gaan deelneem aan die Mpumalanga kampioenskappe en die Interskole in Kimberley. Ons hou hulle met verwagting dop en weet hulle sal ons trots maak.

Ons is ook baie opgewonde en sien uit na die krieketseisoen. Ons krieketseuns en -dogters het reeds begin oefen en sal reg wees om aan die liga deel te neem wat in Augustus afskop.

Die 7's seuns- en dogtersrugby is ook hard aan die oefen. Hulle wedstryde begin ook een van die dae.

Die landloop is hard besig met oefening en het verskeie byeenkomste die kwartaal.

Ons is baie trots en wil weereens baie dankie sê aan elke Pattie wat so entoesiasties deelneem aan al die aktiwiteite en die skool se naam hoog hou.

KULTUUR

Op kultuurgebied gaan dit ook baie goed. Net 'n paar insette om onder u aandag te bring:

Die Dramaklub het begin oefen. Hulle oefen elke tweede Woensdag van 14:00-16:00 in die dramaklas.

Die Redenaars het aan die eerste rondte van die Kansvatters Redenaars en die Radikale Redenaars deelgeneem. Die resultate sal later hierdie maand beskikbaar

wees. Ons wag nog vir die SALA-Redenaarsuitslae. Die meeste van die halfeindrondtes sal hierdie kwartaal plaasvind.

Daar was 'n Engelse Leesfees op 13 Mei 2024. 100 leerders het deelgeneem. Leerders het werklik uitgeblink in hierdie geleentheid.

Die Spelling Bee-leerders het 'n kompetisie wat sal plaasvind op 31 Augustus 2024.

Op 15 Mei 2024 het ons koor deelgeneem aan ATKV Applous, waar hulle goud ontvang het. Hulle het ook op 31 Mei 2024 in die Sudwala-grotte opgetree. Dit was skouspelagtig. Ons is baie trots op ons koor! Die Mpumalanga Jeugkoorlede gaan ook die kwartaal in die Kaap toer. Geniet elke oomblik!

Ons sien uit na die Artium Kunstefees en die finaal vir die Con Spirito Reading wat hierdie kwartaal plaasvind.

Patties se kultuur is tops soos altyd!

BELANGRIKE SAKE

Die volgende belangrike sake wil ons graag onder u aandag bring:

SKOOLFONDS

Ons wil 'n ernstige beroep doen op ons ouers om hul skoolfonds te betaal. Baie dankie aan die ouers wat gereeld hul skoolfonds betaal.

GRAAD 12

Die jaar het so vinnig aangestap en die rekordeksamen is voor die deur. Die matriekleerders begin 19 Augustus 2024 met rekordeksamen. Gr 12-leerders se teenwoordigheid by die skool is van uiterste belang. Akademiese tyd is nou baie belangrik vir die leerders.

Ons is ook baie opgewonde oor die matriekafskeid wat gaan plaasvind om ons matriekklas van 2024 behoorlik te groet. Elke matriekleerder het Vrydag 'n uitnodiging ontvang na die glansgeleentheid. Die geleentheid vind plaas op 03 Oktober 2024.

GRAAD 8-OPEDAG

Ons het 'n baie suksesvolle en interessante graad 8-opedag gehad op 16 Mei 2024. As u 'n kind het wat volgende jaar graad 8 toe moet kom of weet van leerders wat moet kom, moedig ons u aan, as u nog nie aansoek gedoen het nie, om dit so gou as moontlik te doen. Stuur asseblief net 'n e-pos van u persoonlike e-pos af na **applications@patrioths.co.za**

Maak seker dat u e-pos duidelik stel dat u aansoek doen vir graad 8 - 2025 by Hoërskool Patriot. Die aansoeke stroom vinnig in en wanneer ons die sluitingsdatum bereik het, gaan ons ongelukkig geen aansoeke meer aanvaar nie.

EKSTRA KLASSE

Soos altyd is akademie 'n topprioriteit by Hoërskool Patriot en daarom is daar besluit dat ekstra klasse aangebied gaan word. Ons rig 'n versoek aan ouers dat u sal toesien dat leerders hierdie klasse bywoon. Dit is tot voordeel van u kind dat ons hierdie klasse aanbied. Die klasse is verpligtend en geen verskonings sal aanvaar word nie. Daar sal elke keer 'n omsendbrief uitgaan om aan te dui wanneer daar 'n ekstra klas aangebied word.

ALGEMEEN

Die beeld van ons skool is baie belangrik. Ons het 'n baie goeie reputasie in die gemeenskap en wil dit so hou. Daarom is die volgende punte van uiterste belang:

Wag-area na skool: Leerlinge moet na skool in die wag-area bly totdat hulle ouers of vervoer arriveer.

Netheid van die skool: Geen rommel sal binne of buite die skool geduld word nie.

Gedrag in die Gemeenskap: Leerlinge wat hulle skuldig maak aan wangedrag in die gemeenskap na skoolaktiwiteite soos sport, sal dissiplinêr verhoor word. Respek vir ons gemeenskap en omgewing is nie onderhandelbaar nie.

Boeliegedrag en Respek: Boeliegedrag, laatkom, ontwrigting van klasse en gebrek aan respek teenoor onderwysers sal nie geduld word nie.

Deur bogenoemde in orde te kry, sal ons skool net van krag tot krag gaan.

Baie dankie aan elke leerder, personeellid en ouer wat 'n positiewe bydrae tot hierdie skool lewer. Sterkte vir die res van die kwartaal wat voorlê.

Patriotgroete.

HOOF
FG MOSTERT